basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**EKONOMIE V2**

**NASIENRIGLYNE**

**NOVEMBER 2023**

**PUNTE: 150**

Approved

N Pillay
Internal Moderator
15/11/2023

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 C/ vaste ✓✓

1.1.2 A/ deregulering ✓✓

1.1.3 B/ positiewe ✓✓

1.1.4 D/ eksplisiete ✓✓

1.1.5 C/ repo ✓✓

1.1.6 D/ kulturele ✓✓

1.1.7 B/ Millennium Ontwikkelingsdoelwitte✓✓

1.1.8 A/ volhoubaarheid ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 E/ die periode van produksie waar ten minste een van die produksiefaktore konstant bly✓

1.2.2 G/ 'n mark wat deur twee firmas gedomineer word✓

1.2.3 A/ waar goedere onwettig gekoop en verkoop word✓

1.2.4 I/ hoogs wenslik vir die algemene welsyn van die samelewing ✓

1.2.5 F/ meet die prys van goedere soos dit die fabrieksvloer verlaat✓

1.2.6 H/ toon die relatiewe belangrikheid van 'n item in 'n mandjie goedere en dienste wat gebruik word om inflasie te bereken✓

1.2.7 B/ 'n baken of gebied wat deur die Verenigde Nasies gekies is wat kulturele, historiese of 'n ander vorm van betekenis het✓

1.2.8 D/ 'n proses waar bome uit die grond verwyder en nie vervang word nie✓ (8 x 1) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

1.3 **GEE DIE TERM**

1.3.1 Monopolie ✓

1.3.2 Ekonomiese wins ✓

1.3.3 Maksimumprys/prysplafon ✓

1.3.4 Hiperinflasie ✓

1.3.5 Inheemse kennisstelsel ✓

1.3.6 Bemarkbare permit ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE vorme (strategieë) van nieprys mededinging.**

- Doen besigheid oor die internet✓
- Na-verkoop diens✓
- Lojaliteitsbelonings vir kliënte ✓
- Deur-tot-deur aflewerings✓
- Bou handelsmerklojaliteite en produkerkenning
- Bied bykomende dienste aan (gratis reisversekering deur banke) ✓
- Produkdifferensiasie en doeltreffende diens ✓
- Geriefsinkopies bv. verlengde inkopies- en besigheidsure ✓
- Advertensies✓
- Verkoopspromosies/ uitverkopings ✓
- Produkverspreiding✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe sal die heffing van belasting op niemerietegoedere die verbruik daarvan beïnvloed?**

Verbruik of vraag na niemerietegoedere sal afneem aangesien verbruikers minder van die produkte sal koop/ Belasting verhoog die pryse van die goedere wat lei tot 'n afname in die vraag na hoeveelheid. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die kromme (kurwe) wat die aanbodkromme in die grafiek hierbo verteenwoordig.**

MK✓ (1)

2.2.2 **Watter hoeveelheid moet die firma produseer om 'n normale wins te maak?**

40✓ (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *marginale inkomste.***

Die bykomende inkomste verdien wanneer verkope met een eenheid toeneem/ Die bykomende inkomste ontvang vir die verkoop van een ekstra eenheid van 'n produk/ Marginale inkomste word bereken as die verandering in totale inkomste gedeel deur die verandering in hoeveelheid.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Waarom sal die produsent onwillig wees om 30 eenhede of minder te produseer?**

- By hoeveelheid 30 of minder sal die produsent se totale inkomste nie al sy veranderlike koste kan dek nie. ✓✓
- Die gemiddelde inkomste (GI) is minder as gemiddelde veranderlike koste (GVK). ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Gebruik die grafiek hierbo om die totale inkomste te bereken wanneer die prys R25 is. Toon ALLE berekeninge, die formule ingesluit.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

TI = P x H / GI x H ✓
= R25 ✓ x 50 ✓
= **R1 250** ✓ (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die persentasie toename in minimum loon in die uittreksel hierbo.**

8% ✓ (1)

2.3.2 **Noem enige EEN faktor wat die gehalte van die arbeidsmag beïnvloed.**

- Onderwys/ vaardigheidsopleiding ✓
- Gesondheidsorg✓
- Ervaring✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *markmislukking.***

Markmislukking beteken dat die beste beskikbare of optimale produksie-uitkoms nie bereik is nie / Markmislukking vind plaas wanneer die kragte van vraag en aanbod nie in staat is om hulpbronne doeltreffend toe te ken nie.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Waarom sal die owerheid inmeng wanneer daar onvolmaakte mededinging in die mark is?**

- Owerheid meng in die mark om te verseker dat daar geen versperringe/hindernisse is wat nuwe firmas verhoed om die mark te betree✓✓
- Om maatreëls in te stel wat sal verseker dat daar gesonde mededinging is tussen die bestaande firmas✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Hoe sal minimum lone 'n negatiewe uitwerking op werkgewers hê?**

- Minimumlone verhoog die koste van produksie vir die produsent wat daartoe kan lei hê dat sommige firmas die mark verlaat✓✓
- Produsente kan minder goedere en dienste produseer aangesien hulle dit duur vind om te produseer✓✓
- Sommige produsente kan werkers aflê of werksure verminder aangesien hulle nie verhoogde salarisse/ loonuitgawes kan bekostig nie✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Verduidelik die rol van die *Mededingingskommissie* en *Mededingingstribunaal* as instellings wat mededinging in Suid-Afrika bevorder.**

**Mededingingskommissie**

- Die Mededingingskommissie ondersoek beperkende besigheidspraktyke en die misbruik van markkragte deur besighede✓✓
- Hul besluit of samesmeltings en oornames mag voortgaan of nie✓✓
- Die Mededingingskommissie maak aanbevelings aan die Mededingingstribunaal vir goedkeuring✓✓ (Maks. 4)

**Mededingingstribunaal**

- Die Mededingingstribunaal beoordeel oor aangeleenthede wat deur die Mededingingskommissie na hul verwys word en reik enige kostebevel uit✓✓
- Dit kan die aanbevelings van die Mededingingskommissie aanvaar, verwerp of aanpas✓✓
- Die Mededingingstribunaal het jurisdiksie regoor die Republiek
- Die Mededingingstribunaal verleen vrystellings, magtig of verbied groot amalgamasies (samesmeltings✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4) (8)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/ voorbeelde)**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.5 **Hoe sal die voorsiening van subsidies aan produsente die ekonomie positief beïnvloed?**

- Firmas produseer meer goedere en dienste as gevolg van verlaagde produksiekoste. ✓✓
- Verbruikers is in staat om goedere en dienste teen laer pryse te koop wat verbruiksbesteding sal verhoog. ✓✓
- Produksievlakke verhoog wat lei tot ekonomiese groei en die skepping van meer werksgeleenthede ✓✓
- Totale inkomste en totale vraag neem toe as gevolg van 'n toename in die vlak van indiensneming ✓✓
- Die owerheid sal meer belastinginkomste invorder aangesien besighede meer inkomste uit hoër produksievlakke sal genereer. ✓✓
- Uitvoersubsidies kan uitvoere verhoog wat die betalingsbalans sal verbeter. ✓✓
- Die waarde van die land se geldeenheid sal appresieer as gevolg van verhoogde vlak van uitvoere✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van goedere wat uitgesluit word wanneer kerninflasie bereken word.**

- Bevrore vleis, groente en vis ✓
- Vars vleis, vis, vrugte en groente ✓
- Elektrisiteit ✓
- Petrol ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe beïnvloed lugbesoedeling die omgewing?**

Lugbesoedeling dra tot aardverwarming by, uitdunning van die osoonlaag en suurreën wat omgewingskade of verlies aan biodiversiteit of gesondheidsrisiko's kan veroorsaak. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer in die spotprent en inligting hierbo die instelling wat die rentekoers bepaal.**

Reserwebank/ Suid-Afrikaanse Reserwebank / SARB ✓ (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.2.2 **Noem die monetêre beleidsinstrument wat met die verkoop van staatseffekte verband hou.**

Opemarktransaksies/ Opemarkbedrywighede✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *geadministreerde prys-inflasie.***

Meet die verandering in pryse wat deur die regering vasgestel word of deur die regering aangestelde owerhede beheer word.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik die voordeel van 'n algemene prysverhoging vir debiteure in die ekonomie.**

Debiteure baat by 'n algemene prysverhoging omdat hulle geld met 'n hoë koopkrag ontvang wanneer hulle krediet neem en met geld wat 'n lae koopkrag het. terugbetaal ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Hoe sal 'n ooraanbod van geld die ekonomie beïnvloed?**

- Kan lei tot 'n toename in vraagtrekinflasie wat lei tot 'n styging in die prys van goedere en dienste✓✓
- Die waarde van geld sal verminder word wat sal lei tot die laer lewenstandaard vir die verbruikers. ✓✓
- Geldeenheid kan depresieer wat invoer duurder maak en die land se koopkrag in wêreldmarkte verminder.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die internasionale ooreenkoms wat daarna streef om chemiese afval te beperk.**

Stockholm Protokol ✓ (1)

3.3.2 **Noem EEN ander internasionale maatreël oor klimaatsverandering.**

Parys-ooreenkoms / Verenigde Nasies se Raamwerkooreenkoms oor Klimaatsverandering / VNRKK]✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *aardverwarming.***

"n Geleidelike toename in die gemiddelde temperatuur van die aarde se atmosfeer. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Watter impak het gevaarlike afval op die omgewing?**

- Gevaarlike afval het 'n stadige ontbindingstempo, dus kan dit vir 'n lang tydperk in die omgewing bly. ✓✓
- Dit kan sterftes vir mense, diere en plante tot gevolg hê✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Waarom het internasionale maatreëls om die uitwerking van klimaatsverandering te verminder, misluk?**

- Sommige lande voldoen nie aan die ooreengekome teikens nie weens 'n gebrek aan strafmaatreëls. ✓✓
- Nie alle lande is deel van die internasionale ooreenkomste nie dus het hul geen rede om dit na te kom nie. ✓✓
- Sommige groot lande soos die VSA het aan die Kyoto-protokol onttrek wat ander lande kan beïnvloed om nie die teikens te bereik nie ✓✓
- Daar is geen politieke of wetlike verpligting vir lande om te voldoen aan die verklarings oor die vermindering van klimaatsverandering nie ✓✓
- Sommige lande wat op fossielbrandstowwe staatmaak, is nie bereid om ekonomiese opofferings te maak om klimaatsverandering te verminder nie ✓✓
- Finansiële implikasies maak dit vir sommige lande moeilik om die besluite te implementeer✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.4 **Bespreek kortliks die gevolge van inflasie op *belastingbetalers* en *nywerheidstabiliteit (nywerheidsvrede).***

**Belastingbetalers:**
- Met inflasie, styg belastingbetalers se nominale inkomste (lone en salarisse) selfs wanneer hul reële inkomste onveranderd bly ✓✓
- Wanneer die inkomstebelastingskedule onveranderd bly, verhoog inflasie die gemiddelde koers van persoonlike inkomstebelasting ✓✓
- Individue sal hoër belasting moet betaal al is hulle eintlik nie beter daaraan toe as voorheen nie ✓✓
- Belastingbetalers ervaar blokkruiping, as gevolg van inflasie en progressiewe inkomstebelasting en selfs die owerheid word bevoordeel.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 4)

**Nywerheidstabiliteit:**
- Hoe inflasie versteur dikwels nywerheidsvrede en laat verbruikers hoër lone eis.✓✓
- Loononderhandelinge kom gewoonlik as gevolg van 'n afname in reële lone as gevolg van hoë inflasiekoers, en gaan dikwels gepaard met stakings en massa-aksie.✓✓
- Die teenwoordigheid van buitensporige hoë inflasie tesame met 'n owerheid wat vasbeslote is om nie aan die loonverhogingseise toe te gee nie kan soms oorspoel na geweld, wat die samelewing raak..✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 4)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.5 **Evalueer die impak van klimaatsveranderinge op die ekonomie.**

**Negatiewe impak**

- Klimaatveranderinge kan tot 'n toename in hitte, droogtes en skielike uitbreek van veldbrande lei, wat negatief die landbouproduksie kan beïnvloed.✓✓
- Afname in watervoorsiening en verminderde landbouaanbod mag voedselsekuriteit bedreig.✓✓
- Mense en diere kan nuwe uitdaging van oorlewing in die gesig staar aangesien hulle ontwatering (dehidrasie) moet hanteer as gevolg van uiterste hittetoestande. ✓✓
- Meer gereelde en intense droogtes, storms, stygende seevlakke vernietig diere en gemeenskappe direk.✓✓
- Oorstromings (vloede) kan die verspreiding van siektes en skade aan die bestaande infrastruktuur verhoog✓✓
- Die regering kan gedwing word om van die hulpbronne wat vir sekere projekte bedoel was, te herlei om skade te hanteer wat deur klimaatsverandering veroorsaak is ✓✓
-

**Positiewe impak:**

- Belegging in nuwe tegnologie en infrastruktuur kan lei tot groter werksgeleenthede.✓✓
- Hoë vlak van reënval kan produksievlakke verhoog in gebiede waar daar geen of min reënval was nie. ✓✓
- Koste van verhittingsrekeninge sal verminder word in vergelyking met die koste van die gebruik van elektrisiteit in koue toestande .✓✓
- Warmer weerstoestande kan die ekosisteem verbeter aangesien plante en diere in warmer weerstoestand as koue weer sal kan oorleef..✓✓
- Verhoogde besigheidsaangeleenthede deur die vervaardiging van weerverkoelingstelsels soos lugversorgers.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)

**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** **[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Noem enige TWEE regstellende metodes wat gebruik word om rykdom te herverdeel.**

- Regstellende aksie /Wet op Gelyke Indiensneming ✓
- Grondrestitusie✓
- Grondhervorming (Grondherverdeling)✓
- Swart Ekonomiese Bemagtiging/Breë-basis Swart Ekonomiese bemagtiging✓
- Bemagtiging van histories gemarginaliseerde groepe✓
- Eiendomsubsidies✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.1.2 **Waarom misluk (vind dit moeilik) markte om die omgewing te ondersteun?**

- Die omgewing is 'n algemene hulpbron dus is daar geen aansporing vir besighede om dit ekonomies te gebruik nie.✓✓
- Die omgewing het die kenmerk van nie-uitsluitbaarheid en markte is nie in staat om 'n prys vir hul gebruik te vra nie.✓✓
- Verbruikers en besighede is dikwels onverskillig wanneer hulle die omgewing gebruik en benadeel voortdurend die omgewing sonder om die toekomstige generasie in ag te neem.✓✓
- Die mark misluk omdat die eksterne koste deur ander gedra word en dit nie by die markprys ingesluit is nie.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer in die inligting hierbo 'n projek wat die meeste voordele sal het.**

C✓ (1)

4.2.2 **Noem enige EEN moontlike sosiale voordeel van die bou van 'n brug.**

- Korter / vinniger / veiliger reise ✓
- Maklike toegang tot gesondheidsfasiliteite, skole, dorpe, ensovoorts. ✓
- Werksgeleenthede / inkomste✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *sosiale koste.***

Die koste van 'n goed of diens wat deur gemeenskap betaal word/
Die som van private koste en eksterne koste.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Waarom moet die owerheid 'n kostevoordeel-ontleding (-analise) uitvoer voordat met 'n nuwe projek begin word?**

- Om te bepaal of 'n nuwe projek uitvoerbaar sal wees.✓✓
- Om objektiewe besluite te neem.✓✓
- Om 'n meer gelyke doeltreffende toekenning van bronne te verseker.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Bepaal watter projek is die voordeligste deur die kostevoordeelverhouding vir projek B te bereken. Toon ALLE berekeninge.**

- KVV =Ekonomiese voordeel/ekonomiese koste
  =13 000✓/15 000✓
  = **0,87 / 0,9 OF 0,87: 1 / 0,9: 1✓**
- Projek A is meer voordeliger✓

**LET WEL: Ken 'n punt (1 punt) toe vir die formule waar 'n kandidaat een van die stappe wat hierbo aangedui is, weggelaat het.** (4)

## 4.3 DATARESPONS

4.3.1 **Identifiseer in die spotprent hierbo die maatreël wat gebruik word as 'n aansporing vir mense om privaat vir die omgewing te sorg.**

Eiendomsregte✓ (1)

4.3.2 **Noem die tipe belasting wat gehef word op goedere wat eksterne omgewingskoste genereer.**

Groenbelasting/ Eko-belasting /Omgewingsbelasting/ Koolstof-belasting✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *beskerming.***

Die gebruik van natuurlike hulpbronne op 'n manier wat dit nie uitgeput of skade aan die omgewing veroorsaak nie/ Bewaring streef na 'n kreatiewe kontinuiteit van die omgewing terwyl dit verseker dat verandering nie die lewenskwaliteit vir beide huidige en toekomstige geslagte verminder nie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik die rol wat onderwys in die beskerming van die omgewing speel.**

- Onderwys verander mense se houding teenoor die omgewing wat daartoe lei dat hulle (mense) betrokke raak by aktiwiteite wat nie die omgewing beskadig nie.✓✓
- Onderwysveldtogte help lande om mense op te voed oor die belangrikheid van natuurlike hulpbronne en die impak van hul optrede op die omgewing✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


4.3.5 **Hoe kan omgewingsubsidies gebruik word omgewingsvolhoubaarheid te verseker?**

- Dien as 'n aansporing vir produsente om nuwe tegnieke of toerusting te ontwikkel, byvoorbeeld die gebruik van omgewingsvriendelike energie soos wind, getye en son.✓✓
- Moedig produksie van omgewingsvriendelike plaasvervangers soos loodvrye petrol aan.✓✓
- Moedig herwinning van afval soos bottels, blikkies en karton aan.✓✓
- Moedig besighede aan om nuwe produkte uit afvalmateriaal te ontwerp en te vervaardig✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Verduidelik met behulp van 'n goed benoemde grafiek *winsmaksimering* deur die krommes (kurwes) vir die totale inkomste (TI) en totale koste (TK) te gebruik.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION




- Die firma maksimeer wins waar die verskil tussen totale inkomste (TI) en totale koste (TK) die grootste is.✓✓
- In die grafiek hierbo, word wins gemaksimeer waar die firma 100 eenhede produseer.✓✓
- Wanneer die hoeveelhede geproduseer minder/onder 100 is, moet die firma die hoeveelheid geproduseer verhoog ten einde wins te maksimeer.✓✓
- Wanneer die hoeveelhede geproduseer meer/bo 100 is, moet die firma die hoeveelhede geproduseer verminder ten einde wins te maksimeer.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4) (8)

4.5 **Evalueer die sukses van inflasieteikens om inflasie te bekamp in die land.**

**Inflasieteikens was suksesvol in die bekamping van inflasie in die land as gevolg van die volgende; -**

- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het sedert die instelling van inflasieteikens daarin geslaag om inflasiekoers onder 6% te hou✓✓
- Die inflasieteikenraamwerk het gehelp om die geloofwaardigheid van die SARB en sy verbintenis tot prysstabiliteit te verbeter.✓✓
- Die SARB gebruik die inflasieteiken effektief om inflasieverwagtinge onder die verbruikers, werkers en besighede te beheer✓✓
- Die inflasionêre druk was doeltreffend beheer, wat in ruil tot laer rentekoerse en verbeterde ekonomiese groei. gelei het ✓✓
- Oor die algemeen was die SARB-inflasieteikenraamwerk suksesvol in die bereiking van sy primêre doelwit om prysstabiliteit te handhaaf.✓✓
- Daar is ruimte vir verbetering, veral in terme van die balansering van die opwegings tussen inflasie, indiensneming en ekonomiese groei.✓✓

**Inflasieteikening was onsuksesvol in die bekamping van inflasie in die land as gevolg van die volgende; -**

- Die SARB was gekritiseer omdat hul te veel op inflasie fokus ten koste van ander makro-ekonomiese doelwitte soos indiensneming en ekonomiese groei.✓✓
- Die SARB het die repokoers voortdurend tydens die Covid-19-pandemie verhoog ondanks lae verbruiksbesteding wat die groeipotensiaal vir die ekonomie verminder het✓✓
- Weens hoë inflasionêre druk van eksterne skokke en elektrisiteitskrissese het die inflasiekoers 6% oorskry ten spyte van die styging in repokoers✓✓
- Die teikenreeks van 3%–6% is deur sommige kwartiere van die samelewing gekritiseer omdat dit te wyd is.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Vergelyk en kontrasteer in detail die markstrukture van *monopolistiese mededinging* met *'n oligopolie.***
- **Hoe kan samespanning die ekonomie negatief beïnvloed?**

**INLEIDING**
'n Mark is 'n meganisme wat kopers en die verkopers van goedere en dienste bymekaar bring/Markstruktuur verwys na hoe die mark georganiseerd is.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) (Maks. 2)

**LIGGAAM**
**HOOFDEEL**

**Aantal besighede**✓
- Monopolistiese mededinging het 'n groot aantal verkopers✓ terwyl 'n paar groot aantal verkopers 'n oligopoliemark oorheers. ✓
- Daar is 'n hoë mate van mededinging in monopolistiese mededinging ✓terwyl mededinging in 'n oligopolie beperk is✓

**Aard van produk**✓
- Goedere wat deur besighede in 'n monopolistiese mededingende mark geproduseer word, is heterogeen✓ terwyl produkte wat in 'n oligopoliemark vervaardig word óf homogeen óf gedifferensieer kan wees. ✓
- In beide markstrukture verskil produkte effens in voorkoms, vorm, grootte en smaak, verskille kan denkbeeldig wees✓✓

**Marktoetrede**✓
- Daar is vryheid tot toetrede of uittrede van 'n monopolistiese mededinging terwyl toegang binne 'n oligopoliemark moeilik is ✓✓
- In monopolistiese mededinging is daar geen hindernisse vir toetrede nie✓terwyl daar in 'n oligopolie verskeie hindernisse vir toetrede is✓ soos groot hoeveelheid kapitaaluitgawes wat dikwels benodig word. ✓

**Beheer oor die prys** ✓
- 'n Individuele besigheid in 'n monopolistiese mededingende mark het min beheer oor prys✓ terwyl oligopolie-besigheid aansienlike beheer oor die prys het✓
- 'n Monopolistiese mededinger kan die prys van sy handelsmerk beïnvloed✓terwyl oligopolieë kan saamspan om die markprys te beheer✓

**Markinligting**✓
- Inligting in beide oligopolie en monopolistiese mededingende mark is onvolledig.✓✓
- Verskeidenheid produkte of marginale verskille veroorsaak byvoorbeeld 'n gebrek aan inligting vir verkopers en kopers vir monopolistiese mededinging, terwyl oligopoliste dikwels nie weet hoe mededingers op hul optrede sal reageer nie. ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Voorbeelde**✓
- Voorbeelde van bedrywe gevind in monopolistiese mededinging sluit onder andere kitskoswinkels/restaurante, klerewinkels ens in✓ terwyl in 'n oligopolie mag hulle petrol en oliebedrywe, sellulêre foon netwerke, banke, ens. insluit ✓✓

**Vraagkromme**✓
- In beide oligopolie en monopolistiese mededingende markstrukture neig die vraagkromme afwaarts van links na regs. ✓✓
- Die vraagkromme vir die firma in die monopolistiese mededinging markstruktuur is relatief elasties ✓ terwyl die vraagkromme van 'n oligopolistiese firma geknak (geknik) is. ✓✓
- Die MI-kromme in beide oligopolie en monopolistiese mededinging lê onder die vraagkromme. .✓✓
- In beide markstrukture is die GI-kromme ook die vraagkromme✓✓

**Ekonomiese wins/verlies**✓
- Op die kort termyn kan firmas in beide monopolistiese mededinging en oligopolie of ekonomiese wins of verlies maak ✓✓
- Op die lang termyn maak ondernemings in monopolistiese mededinging normale wins terwyl oligopolieë ekonomiese wins verdien. ✓✓

**Besluitneming**✓
- In 'n monopolistiese mededingende markstruktuur neem elke firma onafhanklike besluite ✓ terwyl in 'n oligopolistiese mark as gevolg van onderlinge interafhanklikheid, firmas mekaar se besluitneming beïnvloed. ✓

**Samespanning**✓
- In die monopolistiese mededingende markstruktuur is samespanning onmoontlik✓ terwyl dit in 'n oligopoliemark moontlik is vir besighede om saam te span✓
- Oligopolie-ondernemings span dikwels saam aangesien hulle min in die mark is✓ terwyl dit in monopolistiese mededinging vir baie besighede moeilik is om 'n ooreenkoms te hê om mededinging te verminder ✓✓

**Nie-prys mededinging** ✓
- Besighede in beide monopolistiese mededinging en oligopolie gebruik nie-prys strategieë soos advertensies en handelsmerke om hul markaandele te vergroot✓✓
- Terwyl oligopolie-besighede prysoorloë vermy, kan monopolistiese mededinger op pryse meeding✓✓

**Produktiewe/Tegniese doeltreffendheid** ✓
- Besighede in beide markstrukture bereik nie produktiewe doeltreffendheid nie, aangesien hulle nie teen die laagste moontlike gemiddelde koste produseer nie.✓✓

**Toedelingsdoeltreffendheid** ✓
- Besighede in beide markstrukture bereik nie toedelingsdoeltreffendheid nie aangesien die hoeveelhede geproduseer nie ooreenstem met hoeveelhede wat deur verbruikers gevra word nie.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 26)
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

## ADDISIONELE DEEL

- Samespanning kan aanleiding gee tot hoër pryse vir verbruikers as firmas instem om pryse op kunsmatige hoë vlakke vas te stel.✓✓
- Samespanning lei tot verminderde verbruikerswelsyn en hoër inflasie, vernaamlik as die samespanning wyverspreid en langdurig is.✓✓
- Firmas kan ontmoedig word om in nuwe tegnologieë en produkte te belê aangesien hulle dalk meer belangstel om hul bestaande markposisies en winste te behou..✓✓
- Gebrek aan innovasie en mededingendheid deur samespannende firmas kan die ekonomie op die langtermyn benadeel.✓✓
- Laer kwaliteit produkte en dienste kan geproduseer word aangesien firmas minder aangemoedig kan word om in gehalteverbeteringstegnologieë te belê.✓✓
- Verbruikers kan negatief beïnvloed word deur samespanning as dit die algehele gehalte en kwaliteit van goedere en dienste wat in die mark beskikbaar is, verminder. ✓✓
- Samespanning kan mededinging in die mark verminder, wat hoër pryse vir verbruikers tot gevolg kan hê. ✓✓
- Samespanning verminder die mededinging van besighede op die langtermyn en waardeur die BBP en indiensneming verlaag word.✓✓
- Skep skaarsheid deur minder te produseer ten einde winsgrense te verhoog terwyl ondoeltreffendheid ook beskerm word✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 10)

**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

## SLOT

Deur die prys/aanbod van die produk of diens in die mark te beheer, het firmas ten doel om pryse en winste hoog te hou.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante slot) (Maks. 2)

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Ondersoek in detail die effek (uitwerking) van toerisme.** (26)
- **Hoe kan Suid-Afrika se toerismeprofiel gebruik word om toerisme in Suid-Afrika te bevorder?** (10)

**INLEIDING**
Toerisme behels aktiwiteite van mense wat reis na en oorbly in plekke buite hulle normale residensiele omgewing vir nie langer nie as een jaar vir ontspanning, besigheid en ander doeleindes✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) (Maks. 2)

**LIGGAAM**
**HOOFDEEL:**

**Bruto Binnalandse Produk (BBP)**✓
- Toerisme het 'n groter impak op die diensbedryf en dra direk en indirek by tot die land se BBP tot die ekonomie. .✓✓
- Die **direkte bydrae** van reis en toerisme weerspieël interne besteding aan reis en toerisme deur inwoners en nie-inwoners vir sake- en ontspanningsdoeleindes op items soos kos, verblyf, vervoer, ens. .✓✓
- Die **indirekte bydrae** sluit in aankope van verskaffers van goedere en dienste deur die sektore wat direk met toeriste handel, insluitend aankope van skoonmaakdienste deur hotelle, brandstof en spysenieringsdienste deur lugrederye, en dienste deur reisagente. .✓✓

**Indiensneming**✓
- Toerismebedryf neem die meerderheid van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in diens, en word moontlik beskou as die grootste verskaffer van werk en verdiener van buitelandse valuta✓✓
- Die bedryf is ideaal om werk te verskaf in gebiede wat min werksgeleenthede bied.✓✓
- Toerisme is arbeidsintensief alhoewel dit die laagste verhouding van investering tot werkskepping het ✓✓
- Die toerismebedryf kan binne 'n kort tydperk baie werksgeleenthede skep.✓✓
- Bbyvoorbeeld as 'n kwart van toeriste-akkommodasie ondernemings in Suid-Afrika begin om direkte vermaak aan gaste te bied, duisende kunstenaars binne dae in diens geneem word. ✓✓
- Toerisme bied entrepreneursgeleenthede en gebruik verskillende vaardighede, van rekenmeesters tot haarkappers ✓✓

**Armoede**✓
- Die inkomste wat deur die toerismebedryf verdien word, dra by tot die land se groei en ontwikkeling. ✓✓
- Die Departement van Toerisme is betrokke by armoedeverligtingsprojekte wat toerismeprodukte en -dienste in gemeenskapsbesit bevorder. ✓✓
- Die bedryf laat landelike mense toe om in die voordele van toerisme-ontwikkeling te deel en sodoende meer gebalanseerde en volhoubare vorme van ontwikkeling te bevorder. ✓✓
- Toerisme bied 'n alternatief vir verstedeliking, en laat mense toe om steeds 'n landelike familie leefstyl te handhaaf, en gee geleenthede vir vroue en jeug. ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



- Armoedeverligtingsprogramme bestuur en administreer armoedeverligting-voorstelle en bykomende projekte in die toerisme en omgewingsektore✓✓
- Toerisme bied geleenthede om bronne van inkomste vir arm mense te diversifiseer deur vennootskappe te skep wat aansluit by hoofstroom toerisme-ondernemings wat goedere of dienste verskaf.✓✓
- Hulle fokus is op infrastruktuurinvestering (bv. inligtingsentrums, toeriste-ablusiegeriewe, wandelpaaie) en produkontwikkeling (byvoorbeeld erfenisterreine, rotskuns en bewaring).✓✓
- Toerisme is 'n doeltreffende meganisme om hulpbronne na landelike gebiede te versprei om hulle as toeristeterreine te ontwikkel.✓✓

**Toerisme-eksternaliteite** ✓
- Toerisme-aktiwiteite kan voordele of koste tot gevolg hê vir derde partye wat nie deel is van die koper-verkopermark nie. ✓✓

**Negatiewe eksternaliteite:**
- Terwyl toerisme groot bedrae inkomste lok, kan dit onnodige omgewingskade veroorsaak wat die fondament waarvan dit afhang, kan benadeel. ✓✓
- Toerisme kan inflasie veroorsaak, wat sommige goedere vir plaaslike inwoners onbekostigbaar maak. ✓✓
- Ander voorbeelde/koste: Verkeer en opeenhoping, ekstra polisiëring as gevolg van misdaad, verhoogde gesondheidsdienste en sanitasie, vernietiging van flora en fauna, bederf uitsig van die landskappe, verhoogde instandhouding van infrastruktuur. ✓✓

**Positiewe eksternaliteite:**
- Gautrein verskaf vinnige skakels na verskillende gebiede veral na die lughawe. ✓✓
- Ander voordele is nuwe ontspanningsgeriewe, verhoogde direkte en indirekte belastinginkome.✓✓

**Die omgewing**✓
- Die instroming van toeriste en voertuie na bewaringsgebiede beskadig grasbedekking wat plant- en dierspesies beïnvloed. ✓✓
- Toerisme behels vervoer wat 'n hoofbron van besoedeling is. ✓✓
- Beleid moet in plek wees om te verseker dat toeriste op die mees omgewingsvriendelike manier. vervoer word ✓✓ Byvoorbeeld Rickshaw op die seekant, perdry en fietsry✓
- Die uitdagings wat die omgewing in die gesig staar word verdeel in vier belangrike kategorieë:
  - permanente omgewing herstrukturering soos lughawens direkte omgewingsstres veroorsaak deur toeriste aktiwiteite✓✓
  - afvalprodukte genering, soos biologiese en nie-biologiese afval wat visproduksie beskadig, gesondheidsgevare skep en afbreuk doen aan die aantreklikheid van 'n bestemming. ✓✓
  - direkte omgewingstres wat deur toeriste-bedrywighede veroorsaak word bv. die vernietiging van koraalriwwe, plantegroei en duine✓✓
  - effek op bevolkingsdinamika, soos migrasie en verhoogde stedelike digtheid wat gepaard gaan met daling in die bevolkings in ander landelike gebiede. ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Investering/ infrastruktuur✓**

- Toerisme lei tot verhoogde vraag, wat besigheid meer gewillig maak om in kapitaalgoedere en arbeid te belê ✓✓
- Owerheidsbesteding aan infrastruktuur word aangemoedig omdat dit inkomste kan genereer. ✓✓
- Toerisme-infrastruktuur sluit vaste passasiersvervoerbelegging, bestemmingsdienste soos krag, water en riool, skoonmaak en gesondheid, vaste kommunikasiebeleggings in ✓✓
- Suid-Afrika het 'n eerstewêreld-infrastruktuur; nogtans is daar egter 'n gebrek aan infrastruktuur in die landelike gebiede, wat die deelname van die landelike gemeenskappe in die toerismebedryf beperk. ✓✓
- Die afwesigheid van voldoende vervoerdienste verhoed ook landelike gemeenskappe om aan die toerismebedryf deel te neem, beide as potensiële verskaffers van produkte, en as toeriste self. ✓✓
- Energie-infrastruktuur soos elektrisiteit word deur toeriste by toeristeterreine benodig ✓✓
- Toeriste benodig basiese dienste soos skoon water en vullisverwyderings ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 26)

**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

**ADDISIONELE DEEL:**

- Toerismeprofiel kan gebruik word om die toerismebedryf te bevorder deur verhoogde bemarking en advertensies van toerismebestemmings. ✓✓Byvoorbeeld, TV-tydskrifprogramme soos Shot 'left lig mense in oor plaaslike plekke van belang.✓
- Verbeterde infrastruktuur soos kommunikasie en vervoer kan gebruik word om toeriste te lok in landelike gebiede waar toeristeterreine geleë is✓✓
- Die ontwikkeling van nuwe toeristeaantreklikhede en die behoorlike instandhouding van die bestaandes verbeter Suid-Afrika se toeristeprofiel en lok sodoende meer toeriste. ✓✓
- Erkenning/beloning van besighede en individue wat die kwaliteit van dienste wat aan die toeriste gelewer word verbeter sodat hulle kan terugkeer. ✓✓
- Doeltreffende bestuur van toeristeterreine en ander toeriste-aantreklikhede, toerismeprofiel van die land.✓✓ Byvoorbeeld, instandhouding, opgradering, sekuriteit ens. ✓
- Verbetering van doeltreffendheid van toeriste-inligtingswinkels wat pamflette en inligting oor 'n spesifieke gebied verskaf. ✓✓
- Bevordering van spesiale vakansiepakkette soos spesiale buiteseisoentariewe om dit vir binnelandse toeriste moontlik te maak om goedkoper vakansies te geniet✓✓
- Die gebruik van toerisme-indaba om Suid-Afrika se beste toerismeprodukte te vertoon en internasionale besoekers en media van regoor die wêreld te lok. ✓✓
- Bevordering van plaaslike kultuur en bied aan toeriste 'n outentieke dorpservaring by kulturele dorpies, soos Shangana in Mpumalanga ✓✓
- Bevorder kulturele betekenis van Wêrelderfenisgebiede, soos Robbeneiland
- Neem toeriste wat in kunste belangstel na feeste, soos die Nasionale Kunstefees in Grahamstad✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 10)

**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

**SLOT**

Die oorsaak van die oneweredige verspreiding van toeriste is dalk nie in die besienswaardighede self nie maar as gevolg van die ondersteuningsdienste /Dit is dus die moeite werd om die ondersteuningsdienste en fasiliteite vir toerismegroei te verbeter. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante slot) (Maks. 2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION